## Tydsvorme

Ons onderskei tussen drie tye in Afrikaans: die **teenwoordige** tyd (vandag), die **verlede** tyd (gister) en die **toekomende** tyd (môre).

**Voorbeeld**:
**Teenwoordige tyd**: Tieners **hou** van musiek.
**Verlede tyd**: Tieners **het** van musiek **gehou**.
**Toekomende tyd**: Tieners **sal** van musiek **hou**.

Hou die volgende in gedagte as jy 'n sin in 'n ander tyd moet oorskryf:

- Kyk na die **werkwoord**; dit sal verander en skuif.
- As daar 'n **voegwoord** in 'n sin is, beteken dit dat daar twee sinne met werkwoorde is.
- Onthou om die **infinitief** (om … te + ww.) na die einde van die sin te skuif.

Kyk na die voorbeelde:

- Ons **is** trots Suid-Afrikaans.
- Ons **was** trots Suid-Afrikaans.
- Ons **sal** trots Suid-Afrikaans **wees**.

1. Skryf die sinne oor in die verlede en toekomende tyd.

   a) Die Graad 7's bestel baie pizzas.

   Verlede tyd: ______________________________________

   ______________________________________

   Toekomende tyd: ______________________________________

   ______________________________________

   b) Afrikaners kan goed dans om iets te vier.

   Verlede tyd: ______________________________________

   ______________________________________

   Toekomende tyd: ______________________________________

   ______________________________________

   c) Die onderwysers moet elke dag hard werk.

   Verlede tyd: ______________________________________

   ______________________________________

   Toekomende tyd: ______________________________________

   ______________________________________

**Wenke**

**Teenwoordige tyd**: is, het, kan, moet
**Verlede tyd**: was, het gehad, kon, moes
**Toekomende tyd**: sal wees, sal hê, sal kan, sal moet
As 'n werkwoord met: **be-**, **ge-**, **er-**, **her-**, **ont-**, **mis-** of **ver-** begin, is daar nie 'n **ge-** in die verlede tyd nie, net 'n **het**.
**Voorbeelde**:

- Ons het almal lekker gesels.
- Sy het die misdadiger herken.
- Hy het gelukkig alles onthou.
- Hulle het die polisie ontbied.
- Ek het al my werk verstaan.


© Oxford University Press Southern Africa

## Tydsvorme

As ons sinne in ’n ander tydsvorm oorskryf, is dit belangrik om die volgende riglyne te volg:
As daar ’n **werkwoord** en ’n **voorsetsel** in die sin is, word hulle een woord.

**Voorbeeld**:
- **Vandag gee** ek vir ander **om**.
- **Gister het** ek vir ander **omgegee**.
- **Môre sal** ek vir ander **omgee**.

Indien die werkwoorde in die sin **skeibare werkwoorde** is, word hulle een woord.

**Voorbeeld**:
- Die juffrou **wens** die tiener **geluk** met haar/sy verjaardag.
- Die juffrou **het** die tiener **gelukgewens** met haar/sy verjaardag.
- Die juffrou **sal** die tiener **gelukwens** met haar/sy verjaardag.

Indien daar **twee werkwoorde sonder ’n voegwoord** in die sin is, word dit soos volg geskryf.

**Voorbeeld**:
- Ek **hoor** die man **eet**.
- Ek **het** die man (**ge**)**hoor eet**.
- Ek **sal** die man **hoor eet**.

2. Skryf die sinne oor in die verlede en toekomende tyd.

   a) Die kelner vou die servet netjies op.

   Verlede tyd: ______________________________

   ______________________________

   Toekomende tyd: ______________________________

   ______________________________

   b) Ek neem elke kwartaal aan verskeie sportsoorte deel.

   Verlede tyd: ______________________________

   ______________________________

   Toekomende tyd: ______________________________

   ______________________________

   c) Ons sien die atlete vinnig hardloop.

   Verlede tyd: ______________________________

   ______________________________

   Toekomende tyd: ______________________________

   ______________________________

© Oxford University Press Southern Africa